# Onderstebo Lewe

# Deel 3 – Wag Omstandighede

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

*Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.*

**Is jy 'n persoon wat daarvan hou om te wag? Hoe raak jy as jy wag?**

**Wat dink jy beteken dit om te wag op die Here?**

**Het jy al ooit gevra: "Hoekom doen God nie iets daaraan nie?" Verduidelik.**

**Het dit al ooit vir jou gevoel die Here se antwoord op jou gebed is laat? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Lees Genesis 12:1-4; 17:1-6 en 21:5. Hoe lank moes Abraham wag vir die begin van hierdie belofte van God? Hoe laat dit jou voel?**

**Was die volheid van hierdie belofte al in werking met die geboorte van Isak? Verduidelik.**

**Lees Galasiërs 3:7, 29 asook Romeine 4:16. Hoe lyk die vervulling van God se belofte aan Abraham op die oomblik?**

**Lees Romeine 4:18 en Hebreërs 6:15. Waarvoor wag jy op die Here? Hoe laat hierdie verse jou voel?**

**Lees Psalm 130:5. Hoekom dink jy kan ons op die Woord van die Here vertrou?**

**Lees Romeine 8:25. Hoekom dink jy is volharding nodig vir ons geloof om te ontwikkel en volwasse te word?**

**Lees Habakuk 3:17-19. In watter area van jou lewe het jy nodig om te sê: "*nogtans sal ek in die Here jubel*"?**

---

**Skryf 'n gebed neer oor iets waarvoor jy die Here vertrou en hoe jy daaroor dink na aanleiding van hierdie studie.**

---

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---